Skrifgedeelte: Johannes 1:1-5, 14-18 en Johannes 6:41-71

Teksvers: Johannes 6: 51, 55-56

Tema: Hoor die Woord en eet die Brood, sodat jy vir ewig kan lewe!

Waarom kom jy vanoggend Nagmaal gebruik? Is jy hier omdat jy werklik deur die Heilige Gees gedring word omdat jy meer van Jesus wil hê of is jy hier om jou gewete te sus of omdat jy iets van Jesus wil hê? Dieselfde kan ons vra oor ons eredienste. Is jy vanoggend hier, in die erediens, om God te aanbid en Hom en jou broers en susters in die geloof te leer ken? Of is jy hier bloot omdat jou erediensbywoning en jou behoort aan `n gemeente jou in die hemel moet kry?

Dit is harde vrae wat gevra word, maar hierdie vrae het dieselfde betekenis as die vrae wat Jesus vir die mense gevra het toe hulle na Hom gaan luister het. Hy het hulle harte geken en geweet dat hulle Hom net gevolg het omdat hulle iets van Hom kan kry. Daarom dat Hy hierdie radikale uitspraak, dat die dissipels sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink, maak en van die dissipels aanstoot gee. Tog is hierdie radikale uitspraak ook `n wonderlike uitnodiging...

Hierdie uitspraak wat Jesus maak is radikaal en dit gee aanstoot, omdat die dissipels dit letterlik verstaan het. Hierdie dissipels was nie net die twaalf wat Hy gekies het nie, maar almal wat Hom gevolg het en by Hom wou leer. As ons luister na Johannes 6:10 was die mans alleen omtrent 5 000. Wat Jesus hier gesê het, het vir hulle lynreg ingegaan teen hulle Ou Testament-verstaan van wie God is. In Levitikus 3 en 17 word die Israeliete geleer dat jy nie `n mens mag eet nie en nie sy bloed mag drink nie.

En wat Jesus hier nou sê, gee werklik aanstoot. Aanstoot, nie in die sin dat hulle nie van dit hou wat Jesus sê nie, maar aanstoot in die sin dat dit wat Jesus sê en hulle leer, hulle laat twyfel in hulle geloof. Dit wat Hy van hulle vra, is baie groter as wat hulle verwag het en daarom sien hulle nie kans nie. Hulle het Hom gevolg vir die kos wat hulle van Hom kon kry (vgl. Johannes 6:22-40) en nie bloot om meer van Hom te kry nie.

Daarom hierdie radikale antwoord en uitnodiging wat Jesus tot hulle rig. Hulle moet sy vleis eet en sy bloed drink. Dit wat aanstoot gee in `n mens se oor is juis dit wat deur die Heilige Gees die wonderlikste uitnodiging vir die mens is. Vandag kan ons hierdie stelling van Jesus vertaal met: “Moenie My volg net vir dit wat jy van My kan kry nie, maar volg My, glo in My, leef vir My omdat jy meer van My wil hê!”

Leef vir Jesus Christus want om Hom te ken oortref alles in waarde. Om Hom te dien is beter as die grootste geskenk. Sien, as jy meer van Hom wil hê en Hom dien bloot vir Wie Hy is, het ek en jy hierdie wonderlike troos en belofte dat ons deur Jesus Christus ook sal lewe, vir ewig sal lewe en dat Hy ons op die laaste dag uit die dood sal opwek.

As jy egter Jesus Christus dien bloot omdat jy die ewige lewe van Hom wil kry, gaan jy heel moontlik aanstoot neem in Jesus, want dan sal sy woorde vir jou te hard wees om te hoor. Dan sal jy nie wil hoor dat jy bereid moet wees om byvoorbeeld van jou ouers, kinders, eggenote en vriende af te sien ter wille van Hom nie. Dan gaan jy aanstoot neem wanneer jy hoor dat jy liewers nie vanoggend moet Nagmaal gebruik nie, want dan doen jy dit nie tot Sy gedagtenis nie. En dan sal jy heel moontlik aanstoot neem elke keer wanneer eredienste nie na jou smaak verloop nie om só meer op Hom te fokus.

Sien, juis dit is deel van die wonder van God se Woord – dit is ook Jesus Christus! Daarom dat ons na Johannes 1 geluister het. Wanneer ons na die Woord van die Here luister in ons eredienste – en ook in die erediens van die lewe – moet ons elke keer meer van Jesus Christus leer! Dan moet ons groei in ons verhouding met Hom en moet ons Hom spreekwoordelik eet en drink. Soos wat kos in jou maag afgebreek en in jou liggaam opgeneem word, só moet Christus deel word van jou. Hy moet jou lewe bepaal. Hy moet jou lei en stuur.

Toe Jesus Christus in hierdie gedeelte gesê het dat ons sy liggaam moet eet en sy bloed moet drink, het Hy nie na die Nagmaal verwys nie, maar direk na die verhouding wat ons met Hom moet hê. Hierdie woorde van Jesus Christus het gewys na die rede hoekom ons in Hom glo en hoe die Heilige Gees geloof in ons werk, ten spyte van die feit dat hierdie woorde, in hul mees eenvoudige vorm, aanstoot gee.

Tog, wanneer ons Nagmaal kom gebruik, word ons daaraan herinner dat Jesus se woorde oorgegaan het tot dade. Hy het nie net gesê ons moet sy liggaam eet en sy bloed drink nie. Hy het ook gegaan en werklik sy liggaam gegee en sy bloed laat vloei, sodat ons ten volle in `n verhouding met Hom kan staan en sodat ons hele lewe totaal en al deur Hom bepaal word.

As jy vanoggend hier is om Nagmaal te gebruik, bloot om jou gewete te sus of omdat dit vir jou belangriker is as ander sondae, dink twee keer voor jy dit gaan gebruik. Elke Sondag, elke dag van jou lewe, moet opgeneem word deur die verhouding wat Jesus Christus met jou deur die Heilige Gees aangeknoop het. En as jy vanoggend in die erediens is om jou gewete te sus of omdat jy dink hierdie is `n trein wat jou in die hemel gaan kry, dink twee keer voor jy volgende Sondag weer kom, want dan gaan Jesus Christus se radikale aandrang op jou lewe jou aanstoot gee.

As jy egter vanoggend hier, by die Nagmaal en die erediens is, omdat jy bloot net meer en meer vir Jesus Christus wil leer ken, omdat jy Hom liefhet en met oorgawe vir Hom wil lewe, kom en geniet die erediens en die Nagmaal saam met ons! Kom deel in die vreugde daarvan om die radikale Woord en die radikale Brood te ken! Kom eet Sy liggaam en kom drink Sy bloed, ook in die Nagmaal, sodat jy ewig kan lewe!

Amen